



# OOSTELIKE SINODE

LAAT U RYK, HEER IN ONS, DEUR ONS ORAL KOM!



## UITVOERENDE AMPTENAAR

24 Januarie 2019

Liewe Dominee

### PREDIKANTEKONFERENSIE 2019

Vanjaar vind die agt-en-twintigste predikantekonferensie van ons Sinode plaas sedert ons in 1985 die eerste keer by Badplaas bymekaar gekom het. Negentien van ons vorige konferensies was in die Wildtuin.

Hierdie konferensies het bygedra om ons Sinode te laat funksioneer as 'n Sinode-familie wat vir die Here, vir mekaar, vir die gemeenskap en vir die skepping omgee.

Die Sinodale Diensraad beskou predikante se versorging en toerusting as een van Oostelike Sinode se prioriteite. Daarom word die geleentheid met groot vrymoedigheid by elkeen aanbeveel. Vir die bywoning daarvan kry jy boonop ook VBO-punte.

Hierdie jaar vind ons konferensie in die week ná Pinkster plaas, naamlik vanaf 10 tot 14 Junie 2019. Dit is weer by Letaba in die Krugerwildtuin. Die konferensie word só ingerig dat aan toerusting, versorging en spiritualiteitsverdieping aandag gegee word.

Ons het weer vir professor Jan van der Watt gevra om die konferensie te lei. Hierdie keer gaan hy ons begelei deur die boek Openbaring. Dit belooft om opwindend en verrykend te wees.

Jy sal weer met 'n preekreeks in die hand huistoe gaan!

Die vroue / mans van predikante is soos altyd welkom om saam te kom.

Die verskillende akkommodasie-moontlikhede (kampering, tente en rondawels) word ook hiermee aan jou gegee. Sal jy die vorm asseblief so **gou as moontlik** invul en jou / julle plek bespreek? Daar kan ook ongelukkig nie gevra word vir 'n spesifieke nommer vir 'n rondawel of permanente safari-tent nie.

Let asseblief daarop dat, indien jy verkies om **ALLEEN** in 'n tent / rondawel te bespreek, jy verantwoordelik is vir die minimum bedrag betaalbaar vir **TWEE PERSONE**.

Die aangeduide bedrae is akkommodasie vir vier nagte.

Die volle bedrag vir akkommodasie is betaalbaar teen die sluitingsdatum (3 April 2019).

Elkeen is self verantwoordelik vir die dagtarief wat in die Wildtuin betaal moet word, tensy jy oor 'n **Wildcard** beskik of dit daar aanskaf. Die dagtarief is R93-00 per persoon per dag. Dagtarief vir kinders 2 tot 11 jaar is R47-00 per dag.

Maandagaand is dit ons gebruikelike kuier om die braaivleisvure. Dit is 'n bring-en-braai waarvoor jy jou eie vleis en drinkgoed moet saambring, soos wat jy ook voorsiening moet maak vir jou eie kos vir die hele tyd in die Wildtuin.

E-pos asseblief die inskrywingsvorm na : [ontvangs@sinoos.co.za](mailto:ontvangs@sinoos.co.za)

Faks : 086 231 0363

#### **BANKBESONDERHEDE VIR DIREKTE INBETALINGS**

NG Kerk Oostelike Sinode  
ABSA - Lynnwoodrif Takkode - 632 005  
Rekeningnommer : 1420 146 562  
Faks asseblief die depositostrokke na : 086 231 0363

- \* LET WEL: GEEN TELEFONIESE BESPREKINGS SAL GEDOEN WORD NIE.
- \* **INDIEN JY 'N PAAR DAE VOOR DIE TYD WIL GAAN OF LANGER BLY, MOET JY ASSEBLIEF SELF DIE BESPREKING DOEN. DIE TELEFOONNOMMER BY DIE PARKERAAD IS 012 426 5025.**
- \* **SLUITINGSDATUM is 3 APRIL 2019 vir besprekings en betalings.**

|  |
|--|
| <b>BAIE BELANGRIK: As gevolg van Sanparke se beleid oor wysigings aan besprekings, kan geen gelde terugbetaal word vir kansellering of "afgradering" van jou verblyf-opsie <u>NÁ DIE SLUITINGSDATUM NIE.</u></b> |
|--|

Ons sien uit na nog 'n baie besondere predikantekonferensie. Moenie dit misloop nie!

Baie groete.

*Francois Retief*

UITVOERENDE AMPTENAAR